forward together · saam vorentoe · masiye phambili

## Akademiese scenario vir 2021, en A4-assesserings

Beste student

Vir baie Maties is die akademiese jaar 2020 reeds verby, terwyl ander dalk nog vir ’n tweede eksamengeleentheid voorberei of vir die komende A4-assesserings in Januarie/Februarie 2021 beplan. Party van julle het ook die einde van julle huidige akademiese reis bereik, en sien daarna uit om oor ’n week of wat te gradueer.

Geluk aan al ons graduandi met julle uitstekende prestasie ondanks ’n uiters uitdagende finale studiejaar. Net omdat Suid-Afrikaanse universiteite weens die COVID-19-regulasies nié vanjaar ‘tradisionele’ gradeplegtighede kan aanbied nie, verander nie die feit dat dit ’n belangrike mylpaal is nie. Sluit gerus aan by die aanlyn plegtigheid vir jou fakulteit (indien jy nie ’n PhD-graduandus is nie), en vier dit op ’n veilige manier saam met jou naaste familie of vriende. Omvattende inligting oor die gradeplegtighede vir Desember 2020 is op die Universiteit Stellenbosch (US) se webtuiste te kry.

Ons studente wat volgende jaar terugkeer, wonder op hulle beurt waarskynlik oor die komende A4-assesserings in Januarie en Februarie, sowel as die akademiese scenario vir 2021.

## Akademiese scenario vir 2021

Namate COVID-19-infeksiesyfers in die buiteland weer die hoogte in skiet en daar ook in Suid-Afrika plek-plek ’n kommerwekkende toename in gevalle is, het die Universiteit Stellenbosch verskeie scenario’s vir die akademiese jaar 2021 oorweeg.

Die akademiese program sal tot en met die einde van Februarie ontwrig word en die akademiese jaar vir alle voorgraadse programme sal eers op 15 Maart 2021 begin. Ons voorsien dus ’n nuwe normaal, maar darem met die belofte van ’n COVID-19-entstof waarvoor ons hopelik nie te lank sal hoef te wag nie.

Ons maak gereed vir ’n scenario waar alle studente in Maart 2021 dalk na ons kampusse sal kan terugkeer, met aansienlik meer kontaklesings binne ons beoogde hibridiese leer-en-onderrigmodel. In die praktyk sal ons voortgaan soos in kwartaal 3 en 4 van 2020, maar met meer kontaksessies. Hiervoor sal ons kampuslesingsale teen 50% lokaalkapasiteit funksioneer, en sal ons ook bykomende gesondheid-en-veiligheidsmaatreëls instel.

- **Uitgebreide noodafstandsonderrig, -leer en -assessering**

Fakulteite beplan reeds ’n geruime tyd vir die akademiese jaar 2021 en sal studente in kennis stel watter modules uitsluitlik van aangesig tot aangesig, ten volle aanlyn of in ’n uitgebreide vorm van noodafstandsonderrig, -leer en -assessering (d.w.s. aanlyn leer met meer kontaksessies) aangebied sal word. Sodoende sal studente weet wat om vir lesings, tutoriale, praktiese sessies en veldwerk te verwag.

Die doelwit is om alle studente in 2021 die voordeel van kontakleer-en-onderrig te bied, minstens op ’n rotasiegrondslag. Uitgebreide aanlyn leer sal onder meer lesingopnames insluit wat op SUNLearn

gelaai en/of regstreeks oor die internet uitgesaai sal word (na gelang van die tegnologie by die betrokke lokaal). Hierdie maatreëls sal ook studente baat wat om gesondheidsredes huiwerig is om terug te kom kampus toe, sowel as internasionale studente wat weens internasionale of nasionale regulasies dalk nog nie na Suid-Afrika kan terugkeer nie.

Volle kontakonderrig sal plaasvind waar klasgroottes, lokaalregulasies, die beskikbaarheid van personeel en COVID-19-protokolle dit toelaat.

Fakulteite of akademiese departemente sal studente vroeg in die nuwe jaar volledige modulespesifieke inligting gee. Studente wat vir die akademiese jaar 2021 huisvesting op Stellenbosch moet reël, moenie hierdie reëlings uitstel nie aangesien die een of ander vorm van kontakonderrig binne ’n hibridiese leer-en-onderrigmodel vir die meeste voorgraadse modules beplan word.

## A4-eksamens in Januarie/Februarie 2021

- **Aanlyn assesserings sonder toesig goedgekeur vir sekere modules**

Daar is vroeër vanjaar aangekondig dat die A4-assesserings in Januarie/Februarie 2021 hetsy in lokale op kampus of deur middel van aanlyn eksamens onder toesig in rekenaargebruikersareas afgelê sal word.

Sommige fakulteite het sedertdien aangedui dat die aard van assesserings vir sekere modules nie A4-kontakassesserings onder toesig in ’n kampuslokaal vereis om die integriteit van die assessering te verseker nie. Hoewel kontakassesserings in kampuslokale die verstekopsie bly, sal A4-eksamens sonder toesig dus as ’n uitsondering vir ’n paar modules toegelaat word.

Indien ’n fakulteit of akademiese departement op ’n aanlyn assessering vir ’n spesifieke module besluit, sal dít op alle studente in daardie module van toepassing wees. Dieselfde beginsel geld vir kontakassesserings: Waar die fakulteit of departement kontakassessering kies, sal alle studente in so ’n module die eksamen in ’n kampuslokaal moet aflê. Gemengde assesseringsprosesse vir dieselfde module sal nie moontlik wees nie. Ongeag of A4-assesserings aanlyn of fisies in ’n kampuslokaal afgelê word, mag slegs die toegelate tydgleuf op die eksamenrooster gebruik word om roosterbotsings te voorkom. Verdere besonderhede sal bekend gemaak word sodra dit beskikbaar is.

- **Konsultasies met dosente**

Studente wat aan die A4-eksamens deelneem, kan hulle dosente in die week voor die eksamendatum in kantoortyd spreek. Ontmoetings kan aanlyn plaasvind óf van aangesig tot aangesig, hoewel daar in laasgenoemde geval aan die protokolle oor maskers en sosiale distansiëring voldoen moet word.

Die US gebruik Higher Health se mobiele toepassing HealthCheck as ’n daaglikse gesondheidsifting-en-moniteringsinstrument. Let daarop dat alle studente wat kampusfasiliteite wil betree ’n **daaglikse gesondheidselfevaluering** moet doen voordat hulle soggens hulle woonplek verlaat. Voordat hulle ’n gebou binnegaan, kan hulle vir die uitslag van hulle selfevaluering gevra word. Studente behoort slegs hulle woonplek te verlaat indien die instrument hulle status as “clear” aandui. Dít is van toepassing op studente wat in Universiteitskoshuise en -huise sowel as in privaat huisvesting woon.

- **Universiteitsverblyf gedurende A4-eksamens**

Koshuisverblyf sal beskikbaar wees vir inwoners van 2020 wat die A4-eksamens aflê, vanaf drie dae voor die datum van hulle eerste eksamen tot een dag ná hulle laaste eksamen. Studente wat vir die hele 2020 in ’n koshuis tuisgegaan en boonop 100% van die huisvestingsfooi betaal het, sal in dié tyd gratis bly.

Inwoners wat nié vir die volle jaar in ʼn koshuis gewoon het nie, en dus die huisvestingskorting ontvang het, sal ʼn daaglikse tarief van R185 moet betaal vir die dae wat hulle vir die A4-eksamens in die koshuis bly. Finalejaarstudente sal vooruit moet betaal. Die verblyfkoste vir alle ander studente sal op hulle studenterekeninge verskyn. Geen etes sal in dié tyd in die koshuise bedien word nie. Studente sal in die Neelsie-studentesentrum kan eet of by enige bel-en-bestel-eetplek wat oop is. Koshuisstudente wat vir die A4-eksamens van Universiteitsverblyf wil gebruik maak, moet die Verhuringskantoor teen nie later nie as **11 Desember 2020** in kennis stel. Sluit jou A4-eksamenrooster by jou versoek in en stuur die dokumente aan me Zenobia Davids by zenobiadavids@sun.c.za.

- **A4-eksamens om punte te verbeter**

Weens die snelle oorskakeling na aanlyn leer in die tweede kwartaal van 2020 kan A4-eksamens gebruik word om punte vir nagraadse keuring te verbeter. Dít sal slegs op eerstesemester- en jaarmodules van toepassing wees, en in die besonder waar bykomende assesseringsgeleenthede nie reeds gedurende die semester voorsien is nie. Studente moet hulle akademiese departemente kontak vir die reëls oor die verbetering van punte. Indien ʼn verdere A4-assessering beskikbaar is, sal studente versoek word om hulle akademiese departemente formeel in te lig dat hulle die ekstra assesseringsgeleentheid sal benut.

- **Databondels vir studente wat A4-eksamens aflê**

Studente wat in Januarie en Februarie 2021 aan die A4-assesserings deelneem, sal in aanmerking kom om verdere databondels te ontvang. **Om hiervoor in ag geneem te word, moet jy weer jou selfoonnommer op die blad met jou persoonlike besonderhede** bevestig. Om te bevestig, **klik** op die knoppie "Update information" onderaan die blad en maak seker dat die kennisgewing wys op watter datum jy jou besonderhede bygewerk het. Slegs selfoonnommers wat tussen **15 Mei 2020 en 17:00 op 15 Desember 2020** bevestig is, sal aan die selfoonnetwerkoperateurs gestuur word om databondels vir Januarie en Februarie te laai.

**LET WEL:** Indien jy nie jou selfoonnommer bevestig **presies soos wat hierbo verduidelik word nie**, sal jy nie databondels vir Januarie en Februarie 2021 ontvang nie. Ongelukkig kan geen uitsonderings gemaak word nie. Indien jy die sluitingsdatum misloop, of versuim om die korrekte proses te volg, sal daar ook geen verdere korrespondensie oor die saak wees nie. Volg asseblief die instruksies vir die bevestiging van jou selfoonnommer sorgvuldig. Die nultarief vir toegang tot SUNLearn bly geld.

Ons beleef steeds ʼn onseker tyd. As ʼn instelling, moet ons te midde van ʼn veranderende omgewing aanpasbaar en responsief bly; as individue, moet ons vir almal se beswil waaksaam, bedagsaam en verantwoordelik bly. Alle studente wat vir die A4-eksamens terugkeer, sal te alle tye in openbare ruimtes ʼn masker moet dra, sosiale distansiëring moet beoefen, en in alle kampusfasiliteite aan die gesondheid-en-veiligheidsprotokolle moet voldoen. Raadpleeg gerus die COVID-19-webblad vir die tersaaklike inligting, sowel as vir kontakbesonderhede indien jy tegniese, akademiese of emosionele bystand nodig het.

In die lig van die kommerwekkende styging in COVID-19-infeksies wat onlangs in veral die Wes-Kaap, maar ook in die res van die land aangekondig is, doen ek ʼn beroep op elke student om na jou eie gesondheid om te sien én vriende en familie se welstand te beskerm. Vermy asseblief enige gedrag wat jou aan infeksie kan blootstel of waardeur jy dalk die virus onbedoeld verder versprei. Suid-Afrika kan nie ʼn verdere inperking bekostig nie, en ons gesondheidsdienste is reeds oorlaai.

Deur sy Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting (IKBV) het die US die meeste van sy werksaamhede die afgelope maande daaraan gewy om die akademiese jaar 2020 suksesvol te voltooi en, te midde van ongekende onsekerheid, vir die akademiese jaar 2021 te beplan. Ondanks

ons beste voornemens om by alle reëlings hierbo te hou, berus alle scenario's uiteindelik op die nasionale risikovlak en die gepaardgaande voorskrifte wat die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding vir die sektor neerlê.

Indien jy in die weke wat voorlê nog eksamen skryf, wens ek jou alle sterkte toe. Ek hoop die vooruitsig van 'n goeie blaaskans is genoeg inspirasie om jou allerbeste te doen en die akademiese jaar 2020 op 'n hoogtepunt af te sluit.

Prof Stan du Plessis
Voorsitter: Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting